



Lêerno: 3/3/2/3/2
Verwysing: 20220405-1252

Omsendbrief: 0020/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief sit die proses wat vir die oorplasing van kantoor- en skoolgebaseerde werknemers gevolg moet word, uiteen.*

Onderwerp: **Werknemers se oorplasingproses**

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0074/2002 van 01 Julie 2002.
2. **Daar moet kennis van die volgende geneem word:**
 - 2.1 Geskrewe oorplasingingsaansoeke vir skoolgebaseerde opvoeders moet **ten minste een skoolkwartaal voor die tyd** voorgelê word en geen opvoeder mag sy/haar pos verlaat voordat die oorplasing nie deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) goedgekeur is en die opvoeder dienooreenkomstig oor die oorplasing ingelig is nie.
 - 2.2 Oorplasingaansoeke word deur Hoofkantoor goedgekeur ooreenkomstig die huidige inrigtingsmagtigings, soos goedgekeur deur die provinsiale Minister van Onderwys en die Hoof van Onderwys.
3. **Oorplasingbeperkings**
 - 3.1 Die werknemer wat om 'n oorplasing aansoek doen, moet aan die minimum vereistes voldoen en toepaslike kwalifikasies hê vir die pos waarna hulle oorgeplaas wil word.
 - 3.2 Oorplasing sal op meriete oorweeg word en die aansoeker moet 'n geldige rede vir die versoek om oorgeplaas te word, verskaf.

- 3.3 'n Oorplasing kan slegs in 'n bestaande substantiewe vakature plaasvind, ná oorlegpleging met alle belanghebbendes.
- 3.4 Bekleërs van bevorderingsposte kan nie vir oorplasing oorweeg word nie, aangesien alle bevorderingsposte geadverteer moet word.
- 3.5 Oorplasingsaansoeke van opvoeders van ander provinsiale onderwysdepartemente sal slegs oorweeg word met ontvangs van bevestiging dat alle botallige opvoeders asook opvoeders wat pas gekwalifiseer het, ingeslote Fundza Lushaka-beurshouers, binne die WKOD vir die vakante pos oorweeg is.
- 3.6 Daar word aanbeveel dat waar oorplasingsgoedkeuring aanleiding gee tot skoolgebaseerde opvoedervakatures, die poste deur nuutgekwalifiseerde opvoeders (Fundza Lushaka-beurshouers ingeslote) gevul word.
4. **Dokumente wat vir oorplasingsaansoeke vereis word**
- 4.1 'n Volledige stel dokumente moet aan die Direkoraat: Werwing en Keuring voorgelê word.
- 4.2 **Dokumente wat vereis word rakende oorplasingsaansoeke vir kantoorgebaseerde werknemers sluit die volgende in:**
- a) 'n brief van die werknemer wat die oorplasing versoek;
 - b) 'n bevestigingsbrief van die vrystellende lynbestuurder op direkteursvlak; en
 - c) 'n bevestigingsbrief van die ontvangende lynbestuurder op direkteursvlak.
- 4.3 **Dokumente wat vereis word rakende oorplasingsaansoeke vir skoolgebaseerde werknemers sluit die volgende in:**
- a) 'n brief van die werknemer wat die oorplasing versoek;
 - b) bevestiging van ondersteuning van die vrystellende prinsipaal en beheerliggaam;
 - c) bevestiging van aanbeveling van die vrystellende kringbestuurder en distriksdirekteur;
 - d) bevestiging van ondersteuning van die ontvangende prinsipaal en beheerliggaam;
 - e) bevestiging van aanbeveling van die ontvangende kringbestuurder en distriksdirekteur (indien dit van die vrystellende skool verskil);
 - f) 'n A3-vorm wat die graad/vak(ke) wat onderrig moet word, aandui; en
 - g) gewaarmerkte afskrifte van die werknemer se kwalifikasies (sertifikate en transkripte) in die geval van opvoeders.
5. Werknemers kan slegs verskuif wanneer oorplasing goedgekeur is. 'n Brief in hierdie verband, wat die bepaalde oorplasingsdatum bevestig, sal uitgereik word.
6. Prinsipale en lynbestuurders van werknemers wat uit die WKOD oorgeplaas word, word ingelig dat dit hulle verantwoordelikheid is om die oorplasing op die kontrolebetaalstaat vas te lê.

7. Die werknemer wat oorgeplaas word, moet die aanstellingsbrief wat van die nuwe department ontvang is by die toepaslike adjunkdirekteur by die Direkoraat: Diensvoordele indien sodat die oorpasingsproses op die PERSAL-stelsel in werking gestel kan word.
8. Belanghebbendes word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle WKOD-werknemers te bring.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2022-04-25